

# 2024 LNR vereer SANTA GERTRUDIS Wenners

ARC • LNR
Excellence in Research and Development

■ FRANS JORDAAN, Dr Ben Greyling & Zelda King – LNR-Diere Produksie, Fransj@arc.agric.za

Die Nasionale Vleisbeesverbeteringskema van die LNR speel al vir dekades 'n sentrale rol in die genetiese verbetering van die Nasionale kudde in Suid-Afrika. Die hoofdoel van die skema is om die winsgewendheid en volhoubaarheid van vleisbeesproduksie te verbeter en daardeur by te dra tot nasionale en binnelandse voedselsekerheid en werkskepping. Die Skema speel dus vir baie jare 'n sentrale rol nie net in ons beesvleisbedryf nie, maar dra ook by tot die sosio-ekonomiese welstand van ons land se mense.

Die doeltreffende produksie van rooivleis is

tans belangriker as ooit tevore te midde van uitdagings soos hoër insetkoste, aardverwarming met gepaardgaande droogtes en 'n toenemende wêreldbevolking. Hierdie eksterne faktore plaas enorme druk op voedselsekerheid en natuurlik ook uiteindelik op veral die boer wat primêr vir voedselproduksie verantwoordelik is. Die primêre doel van die toekenningsgeleentheid is om erkenning te gee aan telers vir hul pogings en bydraes om doeltreffendheid en genetiese verbetering deur prestasietoetsing na te streef en te bevorder.

## LNR Nasionale Presteerders Toekennings

Die LNR se nasionale toekennings is 'n hoogtepunt op die land se landboukalender en die bydrae van ons getroue borge het die geleentheid weereens suksesvol en moontlik gemaak. En daarvoor is ons baie dankbaar! Borge sluit in Farmer's Weekly, Molatek, Plaas Media/Stockfarm en GMP-Leader Products SA. Verskeie kategorieë vorm deel van die toekennings en sluit onder andere kommersiële produsente en die ontluikende mark in. Santa-telers het besonder goed gevaar en deelnemers en wenners soortgelyk aan 2023 in nie minder nie as vyf kategorieë opgelewer! Santa-telers het toekennings ontvang in die LNR Nasionale Beste Elitekoei, LNR Nasionale Platinumbul, LNR Nasionale Spesiale Prestasietoetsklas, LNR Nasionale Mentor van die jaar en LNR Nasionale Kudde van die Jaar-toekennings, wat op sigself 'n uitsonderlike prestasie is.

## LNR Nasionale Spesiale Prestasie Toetsklas geborg deur Plaas Media/Stockfarm

Die Santa Gertrudis-bul, DS 22 0001, van Sandra Janse van Vuuren van Sannieshof, Noordwes is by LNR Vryburg-toetssentrum in Noordwes getoets. Die bul het uitstekend gevaar met 'n gemiddelde daaglikse toename met 'n indeks van 124 en voeromsetverhouding met 'n indeks van 118. Die toetsperiode wat 'n 28 dae aanpassingsperiode insluit, is 112 dae in totaal. Die toets simuleer 'n voerkraalsituasie maar opsioneel is individuele voerinname van elke bul in toets.





Die Santa Gertrudis bul **DS 22 0001** en eienaar, Sandra Janse van Vuuren

## LNR Nasionale Beste Elite Koei geborg deur Farmer's weekly

Die Santa Gertrudis-koei, DJW 11 0009, van Amy Williams is as die wenner vir die Santas gekroon. Die koei het uitstekende reproduksiesyfers, sy is 13 jaar oud met 10 kalwers en haar ouderdom met eerste kalwing is 30 maande. Sy het 'n tussenkalfperiode van 368 dae. Die koei het ook uitstaande teelwaardes wat beter is as die rasgemiddeld vir groei en melkproduksie.





Die Santa Gertrudis koei **DJW 11 0009** en eienaar, Amy Williams

### **LNR Nasionale Platinum Bul Toekennings** geborg *deur GMP-Leader Products SA*

Kwalifiserende bulle moes 'n Goue Meriete-sertifikaat ontvang het toe hulle 'n Fase C-toets voltooi het en sy moeder moes haar Elite-koei status ontvang gedurende die jaar waarin die bul sy Goue Meriete-toekenning ontvang het.

Die Santa Gertrudis bul, SS 22 0129, van Desmond Roberson, van Bloemfontein, het 'n platinumtoekenning ontvang. Hy het 'n gemiddelde daaglikse toename-indeks van 104 en voeromset-indeks van 118. Die ma, JO 10 0084, 14 jaar oud, met 10 kalwers, met 'n ouderdom by eerste kalwing van 35 maande het 'n tussenkalfperiode van 387 dae.





Die platinum bul, **SS 22 0129** en eienaar, Desmond Roberson

### **LNR Nasionale Mentor van die Jaar** geborg deur *Molatek*

Die primêre doel van hierdie kategorie is om erkenning te gee aan telers met uitsonderlike leierskapsvaardighede en pogings in die bou van kapasiteit en vaardighede deur inligtingverspreiding, mentorskap en bystand van medeboere om die relevante tegnologieë en bestuursvaardighede aan te neem en te implementeer om hul produktiwiteit en volhoubaarheid te verbeter. Amy Williams van Barberton, Mpumalanga, is beloon as een van twee mentors van die jaar vir 2024.



Amy Williams van Barberton wat vereer is as Mentor van die Jaar

### **LNR Nasionale Kudde van die Jaar** geborg deur Plaas Media/Stockfarm



Manie Louwrens, van Leandra, Mpumalanga, was een van die finaliste in die kategorie LNR Nasionale Kudde van die Jaar vir 2024

Baie geluk aan die telers wat werklik moeite gedoen het met volledige prestasietoetsing. Volledige prestasietoetsing vergemaklik meer akkurate seleksie vir eienskappe van ekonomiese belang binne die kudde, maar nog belangriker – dit is die bydrae tot die genetiese verbetering van die ras as geheel. Die akkuraatheid van prestasiesyfers op die veilingkatalogus verbeter ook en stel kopers in staat om meer ingeligte seleksiebesluite te neem wanneer hulle voortreflike genetika koop. Die LNR Nasionale toekennings kan op die Plaas TV/Farm TV youtube-kanaal gekyk word:

https://youtu.be/oHamQitUgMc

Baie geluk aan al die wenners! Jy stel 'n hoë standaard vir genetiese verbetering van die ras!